Fichardtpark Primêre Skool

Posbus 32010 Fichardtpark 9317 / Welthagenstraat, Fichardtpark, Bloemfontein
Tel: 051 5228166 / Faks: 051 5226661
E-pos: Navrae: info@fichies.co.za / Finansies: finansies@fichies.co.za
Skoolhoof: hoof@fichies.co.za / Sport: barrie@fichies.co.za /
Klerewinkel: winkel@fichies.co

WEEKBRIEF 2 VAN KWT 1 ***19 Januarie 2017***

Geagte Fichies

SKRIFLESING: Ps 139:1-6

TEMA: *" [5]U sluit my in van agter en van voor en U lê u hand op my."* *('53 vertaling)*

Koning Dawid is verwonderd oor die Here se alwetenheid en nabyheid. Dit is vir my 'n wonderlike troos om te weet dat die Here bewus is van my hele menswees, meer nog, Hy sluit my in en lê sy Hand op my. Hy is so naby my, sy Gees woon binne my… vir wie sal ek vrees?

1. AKADEMIE

Baie dankie vir u betrokkenheid by die onderskeie ouer-inligtingsaande. Die fokus van die akademie in 2017 val onder andere op genot en **kreatiwiteit.** https://www.youtube.com/watch?v=jZJGsyrJtj8

Die klasgroottes in graad 1 is 28-29 en in die res van die skool is dit 35. Ons is dankbaar vir die groot getal inskrywings. Die leerdertal van gr. R-7 is 1113.

1.1 Nautilus

Die eerste Nautiluskamp vir 2017 vind D.V. op Saterdag, 4 Februarie, by Fichies plaas.

- **Registrasie**: R160 EFT in die skoolrekening met verwysing: **SN + leerder se naam en van.**
- **Sluitingsdatum vir betaling**: Bewys van betaling moet voor of op 30 Januarie by die Wiskunde-onderwyser ingegee wees.

2. SPORT

Alle buitemuurse aktiwiteite gaan voort soos in die huiswerkboekie aangedui.

2.1 Gholfdag

Die ITEC-Fichie-Gholfdag vind op 9 Maart te Schoemanspark Gholfklub plaas. Ons versoek ouerhulp vir o.a.: deelname, borg van putjies, borg van die middagete en ander pryse. Die fondse word ge-oormerk vir die netbal- en rugbytoer. Meer besonderhede sal later deurgegee word. Kontak asb. vir mnr. Herbie Miles of mev. Anita Chad indien u enige bydrae wil maak.

3. KULTUUR

3.1 Herwinning

Fichies loods weer ‘n herwinningsprojek in 2017. Herwinning is natuurvriendelik en boonop maak ons sommer ‘n geldjie vir die skool. Ons hou kompetisie tussen die verskillende klasse en daar is trofees op die spel vir die grondslag- en seniorfase-wenners.

Slegs papier, karton, blik en plastiek mag herwin word. **GEEN BEDERFBARE KOMBUISAFVAL NIE!** Die prosedure is soos volg: u kind bring die materiaal in ‘n swartsak en plaas dit voor die studiesentrum by die herwinningshouer. Die onderwysers teken die aantal sakke per klas aan om die wenners te bepaal.

Die eerste herwinningsdae is soos volg:

GRONDSLAGFASE	Dinsdag, 14 Februarie
SENIORFASE	Donderdag, 16 Februarie

3.2 *Die Voortrekkers*

Daar word op Dinsdag, 24 Januarie om 16:00 ‘n inligtingsessie vir al die ou en nuwe voortrekkers, asook hul ouers, in die saal gehou. Die Gr. R-voortrekkertjies is baie welkom om aan te sluit, aangesien daar vir hulle ook spannetjies sal wees. Voortrekkers word by hierdie geleentheid in spanne ingedeel.

4. ALGEMEEN

4.1 Advertensies in die weekbrief

Die SBL het ‘n ad hoc besluit geneem dat advertensies wat skoolaktiwiteite bevorder in die weekbrief geplaas mag word teen ‘n koste van R250. Verdere inligting rakende grootte en beskikbaarheid van spasie is op navraag beskikbaar.

5. LIEF EN LEED

- ♥ Mnr. en mev. Barrie en Phialetta de Beer se moeder is ernstig siek en hul seun het ‘n operasie ondergaan.
- ♥ Mev. Adri van Zyl se pa het ‘n heupoperasie ondergaan en sterk tuis (Namibië) aan.
- ➢ Ons dra bg. families op aan die troue sorg van ons Hemelse Vader.

Die weekbrief is by: *www.fichies.co.za* en op die ***communicator*** beskikbaar***.***

Seënwense.

MNR. L. M. KRIEL
(Skoolhoof)

MEV. A. VAN ZYL
(Sekretaresse)